NG Gemeente Drie Riviere-Oos

62 Jaar van genade
1961 – 2023

Ons gemeente is op 22 April 1961 gestig.

Ds. PJ Jordaan was die eerste leraar en sou tot in 1966 dien totdat Ds. JI Roux hom opgevolg het. Die eerste doop was op 30 Julie 1961 en die eerste Nagmaal op 4 Junie 1961. In September 1961 was die sieletal 1363.

Die saal is op 22 Julie 1963 ingewy. Die Kerkgebou is in Oktober 1965 voltooi en ingewy op 23 en 24 Oktober 1965. In 1962 is ook 'n Sendingkerk en pastorie op Mnr. ML (Tienie) Malan se plaas opgerig wat wys dat die gemeente altyd ''n hart vir die gemeenskap en evangelie gehad het.

Op 1 Januarie 1969 huur die gemeente 'n huis in Generaal Hertzog vir R75 per maand as pastorie.

Op 7 Junie 1969 word afgestig en Vereeniging-Oos gemeente kom tot stand. Op 20 Junie 1983 het NG Gemeente Drie Riviere-Oos 'n sieletal van 1975.

Nou het die gemeente drie leraars naamlik Ds. Haasbroek; Ds. Vorster en Ds. Dreyer.

Op 30 September 1985 word die tweede dogter gemeente gebore naamlik Suikerbos gemeente.

In 2011 word die Koinoniagebou kontant gebou teen ''n koste van R1 200 000,00. Die Koinoniagebou word ingewy tydens die gemeente se 50ste verjaarsdag op 17 April 2011.

Baie dankie aan ons Hemelse Vader wat ons gemeente hier geplaas het as ''n gemeente van hoop en wat 11 leraars en 2 jeugwerkers gebruik het om leiding te gee. Daarom baie dankie aan elke leraar en lidmaat wat vanaf 1961 tot nou toe gehelp en steeds help om die gemeente 'n **"JESUS"** gemeente te maak volgens Handelinge 2. Wat steeds **J**ubelend, **E**ensgesind, **S**orgdraend, **U**itlewend en **S**turend is.

Op 22 April 2023 het die gemeente 'n sieletal van 1 910 Belydende Lidmate en 495 Dooplidmaat. 'n Totaal van 2405 lidmate.

Tussen die drie riviere mag NG Gemeente Drie Riviere-Oos God se rivier van lewende water kanaliseer tot redding van mense wat dors na ware lewe.

Baie dankie dat ek en Martie julle leraarspaar van die afgelope amper 23 jaar mag wees, ook vir julle liefde vir ons en ons kinders. Veral baie dankie aan ons Kerkraad wat my instaat stel en toelaat om my roeping kreatief en spontaan uit te leef. Julle is 'n Kerkraad duisend!

Baie dankie aan my kollega Jaco Pienaar, ons Jeugwerker met wie ek ongelooflik lekker saamwerk en ons Orreliste Lizett Combrinck en Hermien Steyn met die Musiekbediening in die Saal. Dankie aan elke lidmaat wat gehoorsaam ons Koning volg.

Num. 6:24: ***Die Here sal julle seën en beskerm, die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees, die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!***

Ds Chris